

Die eeue ou getuienis van kersfees

25 Desember is nie die werklike datum van die geboorte van Jesus nie. Dit is van die dag dat die Christelike kerk kersfees op hierdie datum begin vier het, nie 'n geheim nie. Vanuit die gegewens uit die Evangelies is dit duidelik dat die tyd van Jesus se geboorte veel eerder êrens (volgens ons hedendaagse kalender) tussen Mei tot Augustus sou wees. Vir sommige Christene blyk dit 'n skok te wees as hulle dit uitvind. In ons kultuur is ons gewoond om die viering van die geboorte van iemand te koppel aan die datum van sy/haar geboorte. As mens egter die storie agter die datum van die viering van kersfees ken, dan gee dit juis betekenis aan die viering van kersfees op 25 Desember. Dit help om in gedagte te hou dat die wêreld 2000 jaar gelede anders gewerk het.

Die datum kom van die Romeinse keiser Aurelianus. Die Romeinse ryk was in sy tyd aan die verbrokkel en hy het met 'n groot militêre oorwinning daarin geslaag om in 274 n.C weer die Ryk te stabiliseer. Hiervoor het die Romeinse hom beskou as die redder wat die Ryk van ondergang gered het. Hulle het die Roemense Ryk as die lig vir 'n barbaarse wêreld gesien. Na sy oorwinning het Aurelianus die jaarlikse fees van Mitras, die onoorwinlike songod, ingestel as 'n feesdag vir die hele ryk op 25 Desember, volgens die Romeinse kalender. Volgens die ou Midras godsdiens simboliseer 25 Desember die tyd van die terugkeer van die son na die Noordelike halfrond, wat die winter se einde beteken, en daarom die tyd van lig en lewe. Aurelianus wou met die datum almal laat vier dat hy met sy oorwinning die lig en redder van die Romeinse ryk en mensdom was. Hy is egter kort daarna vermoor en die Romeinse Ryk het finaal begin verval. Terwyl die Romeinse Ryk aan die verval was, het die Christelike kerk gegroei en gedy tot aan die uithoeke van die Romeinse Ryk.

Dit was in die tyd dat Christene begin het om die Jesus se geboorte te vier as die fees van die opgaande lig (sien Lukas 1:78) en die fees van die son van geregtigheid (Mal. 4:2). Dit was 'n manier om hulleself en die res van die wêreld te herinner dat daar net een Redder en een Lig is, dit is Jesus, die ware Seun van die enigste God wat oor alles is en vir eens en altyd die ware lig van waarheid in die wêreld gebring het. Die datum was dus met baie goeie rede deur Christene gekies. In daardie dae was dit algemene gebruik om die geboortedag van 'n belangrike leier nie te vier op die werklike datum van geboorte nie maar op 'n datum met belangrike simboliese betekenis. Gesien in die lig hiervan, watter beter datum as 25 Desember kon die kerk gekies het om die geboorte van die ware "Redder van die wêreld", die "Opgaande Lig", die "Son van geregtigheid" te vier?

Daarmee het die Christene van die tyd juis die feit tuisgebring dat Christus die lig en oorwinnaar is wat heers en regeer oor enige menslike gode of politieke óf militêre mag. Die wonder van die viering van kersfees, is juis dat die geboorte van Jesus, die Ware Lig, in sterk kontras is met Aurelianus se fees, wat getuig het van menslike militêre mag.

As ons Sy geboorte vier, dan is dit 'n viering van eenvoud, van liefde en teenoorgestelde van geweld en menslike mag. Dis die viering van God se goedheid wat toeganklik is vir elkeen en juis die mees gewone mense!

Daar is mense wat die vier van kersfees kritiseer deur aan te dui dat ons nêrens in die Bybel die opdrag het om so 'n fees te vier nie. Party gaan verder deur te pleit dat Christene eerder die voorgeskrewe feeste van die Jode moet vier soos aangedui in die Ou Testament. Paulus waarsku baie ernstig teen sulke opvattinge onder Christene as hy daarvoor skryf in Kol. 2:16-23 en Gal. 4:8-11.

Die punt is dat met die koms van Jesus, Hy nou die enigste mag en krag en gesag oor ons lewe is. Al die Ou Testamentiese feeste of gebruikte voor Hom, was aanduidings na Hom. (sien Kol. 1:15-20.)

Nou vier, aanbid, bedink ons net vir Jesus en leef in 'n noue verhouding met Hom in wie al die lig, waarheid en vryheid is. Om eenmaal per jaar tyd te maak om as kerk te fokus op die wonder en die betekenis van die geboorte van Jesus is goed. Soos wat dit goed is om op dieselfde manier te fokus op die gebeure van Sy lyding en opstanding en Pinkster en ander hoogtepunte van ons lewe saam met Hom. Ons vier dit nie as wette nie. Ons vier dit omdat ons vry is om dit te vier met vreugde en dankbaarheid. Dink vir 'n oomblik hoe arm ons gemeentelêwe en samekomste in hierdie dae sou wees as ons geen moeite gemaak het met die sing van kersliedere en die lees en bedink van die gebeure rondom Jesus se geboorte nie.

Terwyl ons dit vier, plaas ons die klem op Jesus met harte toegewy aan God. Die feit dat die wêreld dinge soos kersfees en paasfees misbruik vir finansiële gewin en allerhande ander klemme daarop plaas, beteken nie dat ons daarvan moet wegstap nie. Dis juis 'n geleentheid om so die volle boodskap van die menswording van Jesus deur ons viering daarvan te laat uitstaan, soos die kerk dit gedoen het in die tyd van Aurelianus.

As jy twyfel of jy kersfees moet vier, bedink die volgende vrae:

- Wat sal die meeste lei tot vrede, vreugde, versoening en onderlinge liefde in my familie en vriendekring en gemeente; die vier van kersfees of die afmaak daarvan?
- Wat sal die ware boodskap en betekenis van die geboorte van Jesus die beste uitdra in hierdie dae; as ons onttrek van die viering van kersfees en daarom ook van ander wat dit wel vier, of as ons dit vier as gelowiges met die klem waar dit hoort?

Indien jy kies om saam met baie ander gelowiges wel die geboorte van Jesus te vier, mag dit vir jou 'n geseende tyd wees. Mag die manier waarop jy dit vier in jou gesin, vriendekring en in die gemeente 'n boodskap uitstuur sodat Jesus gesien en geken sal word as die ware Lig, Heerser en Waarheid. (sien weer Joh. 1:9-14)